ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

September 2025 (103)

## KERMIS/MARKDAG 2025

"n Gesellige kermis-en familiekuier word beplan vir Saterdag 20 September van 09h00 tot 13h00. Ons staan dan reeds kniediep in die lenteblomme!

Verrigtinge sal plaasvind in die saal, eetsaal, sitkamerarea, op die stoep en braaiarea, onder die afdakke langs die saal en in die klubhuis, en oral waar daar oop plekkies is. Nooi gerus al u familie en vriende, kleinkinders en agter-kleinkinders uit om hierdie heerlike sosiale kuier en kenmekaar saam met julle mee te maak.

Heerlike eetgoed sal weer te koop wees, soos pannekoek, kerrie en rys, poedings, koek en tee, en allerlei ander gebak. Die stalletjies sal 'n verskeidenheid ware aanbied soos houtwerk, juweliersware, handwerk, skilderye, plante ens.

Stalletjies kan reeds bespreek en betaal word by die vriendelike ontvangsdames. Navrae Johan du Preez by 3192

## SPRING FETE/MARKETDAY 2025

Residents take note of Saturday 20 September for the annual spring fete/ market day at the estate. It will be a great social gathering where you can meet all the new residents.

From 09h00 to 13h00 we will gather around in the restaurant, the hall and lounge, in the braai-area and the clubhouse and at the carports.

Invite all you family and friends, kids and grandkids to enjoy the festivities at the more than 50 tables with food, artwork, jewellery, plants and toys, and tea and cake in the tea garden. Tables and carports/stands can be booked and paid for at reception. Enquiries Johan du Preez at 3192

**NUWE INTREKKERS**

'n Hartlike welkom deur die HEV. Navrae: kontak asb ontvangs.

3 Kobus en Lenie Jacobs
109 Jaap Marais
122 John Mc Nally
171 Marlene Strauss
253 Pieter en Liesbeth Hanekom
1130 Joey Hattingh
259 Lizel Lombard en Chris Koen (vanaf 3)

**NEW RESIDENTS**

A warm welcome from the HOA to all the new residents. For any enquiries please contact reception.

## STERFTE

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

1110 Jan Henning 9 Jul

## DEATH

Condolences from the HOA to the family of the above-mentioned resident.




Birthday wishes from the HOA

| | |
|---|---|
| 19 Delene Nicolau | (90) 9 Sept |
| 1141 Martha Reyneke | (92) 15 Sep |
| 248 Hester Viljoen | (92) 27 Oct |
| 72 Nita Gilbert | (92) 8 Nov |
| 1128 Roy Heuer | (93) 11 Nov |
| 1014 Mittah Mentor | (91) 17 Nov |
| 209 Johan de Bruyn | (90) 21 Nov |
| 1013 Margarita Vorster | (92) 21 Nov |
| 1119 Hantie Lambrechts | (90)24 Des |
| 165 Gertruida Booyse | (90) 31 Des |

Geluk aan almal in die wooneenhede wat 90+ word gedurende die volgende kwartaal. Geluk! Geluk!

## MEDICAL WASTE

Eldoraigne Retirement Estate is enhancing its commitment to residents' well-being by promoting specialized healthcare services provided by La Vie Care Elmed, including medical waste removal services. This initiative is designed to provide a more convenient and comprehensive care experience for its community members.

The introduction of medical waste removal, handled by the experienced team at La Vie Care, addresses a critical need for residents who may require at-home medical treatments. By ensuring the proper and safe disposal of items such as sharps, used dressings and other biohazardous materials, the estate helps to maintain a clean and healthy environment for everyone. This service offers peace of mind, knowing that a professional and compliant system is in place to handle potentially infectious waste, eliminating the risks associated with improper disposal.

**What is considered medical waste?**

Absorbent Hygiene Product Waste is the name for the waste emanating from the use of baby nappies, feminine care products and adult incontinence products.

**What does it cost?**

This removal service cannot be done for free, as the Medical Waste Removal Company collect the waste twice per week, weigh it and La Vie Care Elmed have to pay the bill.

| | |
|---|---|
| Waste box delivered to the unit, with 1 red bag | R 380 per month |
| Collection at your unit (box or/and red bags) (Keep the box at your unit) | R 150 per collection |
| Sharps removal at the unit: 2,5l container: | R 60 per container |

**Procedure to follow:**

1. Contact Sr Laurenza at the clinic near reception.
2. Collect a quotation for your perusal.
3. Complete a contract for the removal of your medical waste.

**Safety concerns**

1.Residents are urgently requested **not** to put any medical waste in the black bags for kitchen waste, that are collected on Tuesdays and Fridays.
2.NO RESIDENT is allowed to deposit medical waste **personally** in the containers at Frail Care due to health concerns

(National Environmental Management Waste Act 59 of 2008)

## ALGEMENE JAARVERGADERING 28 Augustus 2025

Die Huiseienaarsvereniging, wat bestaan uit AL die huiseienaars, vergader minstens een maal per jaar by die Algemene Jaarvergadering waar die 5 direkteure gekies word om die gemeenskaplike eiendom te bestuur en die funksies en pligte van die Huiseienaarsvereniging uit te voer. (Sien Leefstylgids ) Die AJV is dus die geleentheid vir eienaars om te verseker dat hulle bekwame kundige direkteure verkies om na hulle belange om te sien. Vergadering slegs vir eienaars.

5.1.3 The agenda for the Annual General Meeting shall comprise at least of the following:
5.1.3.1 The consideration, confirmation or variation of the **insurances** effected by Eldoraigne Retirement Estate.
5.1.3.2 The consideration, confirmation or variation of an itemised estimate of the anticipated **income and expenses** for the ensuing financial year.
5.1.3.3 The consideration and approval, with or without amendment, of the **financial statements** relating to the management, control and administration up to the date of the AGM
5.1.3.4 The appointment of an **auditor**.
5.1.3.5 The election of **Directors**. (MOI)

Direkteure verkies op die vorige Algemene Jaarvergadering (Aug 2024) en die portefeuljes wat hulle tans beklee, is soos volg:
**Vakant** (Tydelik behartig deur Michelle Wilke)
+Dienssentrum (Voedselvoorsiening; Verswakte sorg; Wassery; Haarsalon; Skoonheidsalon; Kiosk; Biblioteek; Oordsuster..
**Johan du Preez**: Voorsitter.
+ Infrastruktuur (struktuur van geboue, paaie, elektrisiteit, water..
+ Sosiaal en Maatskaplik (sosiale en geleentheidsbeplanning; verwelkoming, ondersteuning, Godsdiens, geestelik..
**Johan Alberts**: Finansies
+Finansies, begroting, rekeninge, tenders, langtermynbeplanning..
**Michael vd Berg**: Ondervoorsitter; Sekuriteit en Veiligheid
+Toegangsbeheer, verkeer, omheining, noodplan en oortredings..
**Ken Hall**: Fasiliteite en Kommunikasie
+Instandhouding van gemeenskaplike eiendom, instandhouding van tuine, skoonmaak, vullisverwydering,herwinning, troeteldiere..

## KUBER 1: KUBERMISDAAD WAARSKUWING

Suid-Afrika nou 14de op die ranglys van lande wat weens kuberaanvalle die grootste finansiële verliese gely het! Volgens die kredietburo Compuscan kos identiteitsbedrog die Suid-Afrikaanse ekonomie R1 miljard per jaar.

Nou hoe het dit 'n impak op my? As jy 'n slimfoon het, of internet gebruik, kan jy 'n teiken word. In 'n bedrogwaarskuwing het Discovery Bank die volgende swendelarye (scams) gelys:

1. **Phishing**: Uitvisboodskappe is **e-posboodskappe** wat op die oog af van betroubare ondernemings (soos 'n bank) kom en wat 'n meevaller soos 'n wortel voor jou neus hou in 'n poging om jou persoonlike inligting of wagwoorde te bekom.
2. **Smishing**: (kort vir SMS phishing) is wanneer swendelaars jou sover probeer kry om **per SMS** jou persoonlike inligting of wagwoorde te verklap-soos deur te klik op 'n skakel (link) in 'n sms.
3. **Qishing**: (die inspan van **QR-kodes**) is wanneer swendelaars jou na 'n kwaadwillige QR-kode lok. Dis belangrik om altyd die webadres van die QR-kode na te gaan.

Jou slimfoon kan jou grootste vyand wees, en daar is skelms wat baie baie slimmer is!!

- Hulle kan voorgee dat hulle van die Inkomstediens, of jou bank, of jou mediese fonds of 'n bekende agentskap of sake onderneming is.
- Hulle kan sệ dat jy geld skuld; hulle kan 'n probleem of 'n prys aanbied; daar is 'n probleem met 'n rekening; 'n virus op jou rekenaar; 'n noodgeval in jou gesin; of dat jy geld gewen het, maar 'n fooi moet betaal om dit te ontvang.

As jy nog nooit iets aanlyn bestel het nie, sal 'n koerierdiens niks vir jou aflewer nie. As jy nie ingeskryf het vir 'n kompetisie nie, sal jy ook nie 'n bootreis wen nie.

Swendelaars sal jou gewoonlik druk om dadelik op te tree-'n wettige onderneming sal jou tyd gee om 'n besluit te neem. Hulle sal jou vra om op 'n spesifieke manier te betaal, byvoorbeeld deur geld op 'n bankoorplasingsdiens te stuur of geld op 'n geskenkbewys te plaas. Of hulle kan vir jou 'n valse bewys stuur en vir jou sệ om geld te deponeer. MOENIE persoonlike inligting soos adresse of bank info op sosiale netwerke sit nie. Pasop vir Facebook, Blue Sky, X, Tiktok, Instagram. MOENIE dieselfde gebruikersnaam vir meer as 1 netwerk gebruik nie.

(Charlea Sieberhagen)

## JOU GESONDHEID EN JOU MOTOR

Albei moet altyd in ‘n goeie toestand gehou word om veilig te wees.

**1. Jou motor:**

- Kry vir jou ‘n betroubare werktuigkundige wat gereeld die voertuig versien. Moenie dink omdat jy net eenmaal per week Spar toe ry, is dienste onnodig nie. Die olie word dik en moet gereeld vervang word.
- Sorg dat die bande nie afgeloop is nie, dat jou vensters skoon is sodat jy mooi kan sien waar jy ry en dat jou flikkerligte werk.
- As jy dit kan bekostig, sluit aan by Crisis on Call sodat nooddienste net ‘n oproep ver is.

**2. Jou gesondheid**

- Chroniese toestande soos diabetes of katarakte laat mens se oë verswak.
- Hoë of lae bloeddruk, lae bloedsuiker, vertigo, duiseligheid, versiendheid, nabysiendheid of demensie, en nog vele toestande meer, het ‘n nadelige uitwerking op mens se waaksaamheid.
- Indien jy narkose gehad het na ‘n gastroskopie of kolonoskopie, of ‘n tand laat uitsny het, of selfs net ‘n klein prosedure by die hospitaal gehad het; of ‘n groot prosedure, vra liewers jou buurvrou om jou na die haarkapper of Spar te vat. Moenie jouself en ander padgebruikers in gevaar stel nie

**3. Jou veiligheid**

- Moenie met jou vensters oop, ry nie.
- Sorg dat jou handsak en selfoon nie opsigtelik op die sitplek lệ nie.
- Sorg dat jy genoeg brandstof in jou motor het.
- Gehoorsaam die padreëls.
- Hou by die spoedbeperking.
- Hou ‘n dokument in die motor met jou mediese-en korttermynversekeringsbesonderhede, en ‘n ongeluksvorm wat voltooi moet word.

**4. In die landgoed**


Bestuur ekstra versigtig en stadig.

- Hoevele stappers kan nie meer goed hoor nie en sal dus nie hoor as jy agter hulle ry nie
- Baie mense stap met ‘n kierie omdat hulle nie meer so vas op die voete is nie.
- Padgebruikers word weereens dringend versoek om die padtekens en spoedgrens van 20km te gehoorsaam.

## WHAT MOTOR ACCIDENT INFORMATION IS NEEDED

To collect at the scene. Keep your personal information at hand.
Take pictures with your cellphone of the accident scene

| | |
|---|---|
| Vehicle A<br>Vehicle B | **PERSONA**L info: Driver name; Contact number; Id number; Date of birth; Occupation; Licence number and code; Licence valid; Home address; Postal address; Email address<br>**VEHICLE** make and model and colour<br>Registration number; Engine number and VIN number<br>Licence disc number; Kilometres (Odometer)<br>**INSURANCE**<br>Policy number; Policy plan holder; Broker/insurer<br>Claim number; Passengers in vehicle<br>**DAMAGE** TO VEHICLE A and B |
| ACCIDENT | Date, time and place; Speed; Visibility<br>Weather condition; Road surface; Width of road<br>Witness details and statement |
| Description of accident | |
| Sketch of accident | |
| Reported to SAPS | Date and station<br>SAP AR case number |
| Claim at Insurance | To agent/broker<br>Claim number |



# ♪ NOOT VIR NOOT ♪












AMARULA













# Hello Spring



**BE KIND TO PEOPLE. You will be remembered more for your kindness than any level of success you can possibly attain.**

WELCOME SPRING

JUST PROPERTY




**MICHELLE WILKE**
PROPERTY PRACTITIONER
Registered with the PPRA

076 648 3238
michellew@just.property
3068


spektrum
gehoor • hearing
16 jaar reeds in diens van die
Centurion gemeenskap.
2 Praktyke in Centurion:
Eldoraigne & Wierdapark
• Gehoortoetse
• Gehoorapparate (alle handelsmerke)
• Gehoorapparaat Herstelle
• Gehoorapparaat Dienste
• Verbruiksitems
○ Domes
○ Pypies
○ Wasfilters
Gehoorapparaat Batterye:
R35 per pakkie van 6
WhatsApp of skakel: 012 653 3830



AdvancedHearing
Lezahn Louw Audiology
Eldoraigne Aftree Landgoed
Spaar R1000
PER GEHOOR TOESTEL DIE MAAND
As jy nie na ons toe kan kom nie...
KOM ONS NA JOU TOE
Gratis Basiese Gehoor Toets
Bel ons vir 'n afspraak
012 111 7272
www.centurionaudiologist.co.za
info@centurionaudiologist.co.za




SkitterBlink
CLEANING SERVICES
Wierdapark
ANSIE VLOK
Franchise Owner
082 925 3250
wierdapark@skitterblink.co.za
Domestic Cleaning
Window & Solar Cleaning
Builders Cleaning
Disinfection & Decontamination
Carpet, Upholstery & Mattress Cleaning




MEDICAL SUPPORT EQUIPMENT
MSE
WE HIRE AND SELL EQUIPMENT AND REPAIR WHEELCHAIRS
P.O. Box 984, GARSFONTEIN, PRETORIA, 0042
Dirk and Theresa Hanekom
Tel. / Fax.: 012 998 9054
Cell: 084 597 0077 (Theresa)
082 601 6887 (Dirk)
E-mail: djhanekom@yebo.co.za
medsupequip7@gmail.com
PRODUCTS AND SERVICES
FOR HIRE OR SELL
• Hospital Beds
• Commodes
• Cotsides
• Bath lifts
• Rise and recline chairs
• Scooters and electric wheelchairs
• Pressure care mattresses for prevention of bed sores
• Wheelchairs and related products
WE SUPPLY AND DELIVER ALL PRODUCTS




R&R RentaRetiree
Handyman work in and around the house!
Call us for a quotation:
Eddie: 082 335 6067 & Christo: 083 419 8201

BLOCK LEADERS AT HOUSES from August 2025

| Blck | Leader | House numbers |
|---|---|---|
| 1 | Neil Brink 217 | 213 214 216 217 218 219 220 221 222 223 224 225 |
| 2 | Cora Marais 204 | 1 2 3 4 5 6 7 8 199 200 201 202 203 204 205 206 207 208 209 210 |
| 3 | Annette de Beer 193 | 9 10 11 12 13 14 15 16 190 191 192 193 194 195 196 197 |
| 4 | Marie Smuts 66 | 19 20 21 22 23 24 25 26 42 43 44 45 54 55 56 57 58 59 60 61 62 63 64 65 66 67 |
| 5 | Willis Parker 30 | 29 30 31 32 35 36 37 38 46 47 48 49 50 51 52 53 |
| 6 | Nicolene v Wyk 27 | 17 18 27 28 33 34 39 40 41 68 69 82 83 97 98 99 |
| 7 | Johan Fourie 79 | 70 71 72 73 74 75 76 77 78 79 80 81 135 136 137 139 140 141 142 143 144 145 146 147 148 |
| 8 | Mauritz vd Heever 134 | 84 85 86 87 88 89 90 91 92 93 94 95 96 122 123 124 125 126 127 128 129 130 131 132 133 134 262 |
| 9 | Delene Fourie 112 | 100 101 102 103 104 105 106 107 108 109 110 111 112 113 114 115 116 117 118 119 120 121 263 |
| 10 | Michele vd Merwe 185 | 162 163 164 165 166 184 185 186 187 |
| 11 | Chris v Zyl 152 | 151 152 153 154 155 156 157 158 159 160 161 171 172 173 174 167 168 169 170 |
| 12 | Charlotte du Plooy 190 | 149 150 175 176 181 182 183 188 189 198 211 212 215 177 178 179 180 |
| 13 | Jackie Evers 228 | 226 227 228 229 230 231 232 233 234 235 236 237 238 239 240 241 |
| 14 | Linda v Staden 252 | 242 243 244 245 246 247 248 249 250 251 252 253 254 255 256 257 258 259 260 261 |

**Block 10 and 11 with new distribution list**. All printed newsletters will be deposited, from now on, in the post boxes near reception.



VAN HEERDEN ATTORNEYS
estate administrators

# We offer deceased estate administration, free will drafting and expert advice.

## Why Us

- 30+ years' experience
- Free in person consultations
- Monthly reports
- Accessible
- Professional yet personal service

Contact us today for your free Last Will and Testament

083 324 0331 / 079 520 3971 | info@vanhattorneys.co.za | 6 Will's Way, Eldoraigne ext. 3, Centurion, 0156

## ’n TREURMARE….

My liefde vir tuinmaak, plante, gras en gepaardgaande blomme loop gevaar om van my horison af te verdwyn. Waarom? Stuifmeel!! En spesifiek stuifmeel wat deur die wind versprei word, soos van die Karee, Olienhout, Laventelboom, Wilde Kanfer en van ons aangeplante gras, Cynodon Dactylon.

Sedert 1 Januarie tot einde Mei was ek vir die 151 dae, vir 52 dae daarvan op antibiotika. Nou sal jy vra waarom? Nadat ek allergietoetse laat doen het, is bevind ek is nou ook allergies vir stuifmeel. Sodra my immuniteitstelsel af is, is ek baie vatbaar vir allergene, en hoofsaaklik stuifmeel. Dit lei tot sinusinfeksie, dan oorinfeksie, dan abses in tandkaste, dan in my keel af….. Uit 32 tande het ek nog net 15 oor: lekker sappige beeshaas, neute, en enigiets wat kou verg, is van my spyskaart af! Vis, hoender en sagte kosse is my voorland.

Nou hoe moet ek hierdie tameletjie aanpak? Bly in die huis met vensters en deure toe sodat die stuifmeel nie insluip wanneer ‘n ligte windjie waai nie? My tuin verwaarloos heeltemal. Wanneer ek móét uitgaan tweekeer per maand, is ek gepantser met ‘n masker soos vroeg Covid-tyd! Die antihistamien wat vir my voorgeskryf is, kos R422 per maand. Daar gaan my lekkerny- geldjie ook, want my mediese fonds is uitgeput-in Julie al!

Om te oorleef, het ek nou ‘n kluisenaar geword. Ek kan nie nog tande verloor nie! Ek kan nie nog antibiotika gebruik nie! Netnou het ek dit broodnodig vir ‘n ernstige infeksie en dan is hierdie nare infeksie weerstandig teen die antibiotika!

Nou voel dit vir my ek kla met die witbrood onder die arm. Ek kán nog elke dag my bybel lees. Ek kán nog musiek luister. Ek kán nog al agter die sonnetjie aanskuif en deur die venster na my tuin kyk. Ek kán nog bekostig dat die kombuis daagliks my ete by my deur aflewer, al is dit elke dag hoender. Ek kán nog my slimfoonkontrak en data bekostig waarmee ek in verbinding bly met my kinders wat ver is. En ek kán nog agter my rekenaar sit en skryf aan die kortverhaalbundel wat moet klaar teen einde van die jaar!

En ek is nog van “sound mind” sodat ek vir myself kan sệ: HOU NET OP KERM EN WEES DANKBAAR VIR WAT JY KáN DOEN! (Kaatjie)

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

# SPRING INTO YOUR NEW HOME!

Eldoraigne Retirement Estate

## Properties FOR SALE - 060 018 7679

- 3 Bed, 2 Bath **Simplex** with x2 garage- **R2450 000**
- 2 Bed, 1 Bath **Simplex** with x1 garage- **R1995 000**
- 2 Bed, 2 Bath **Simplex** with store room, x1 garage-**R2150 000**
- 1 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport- **R980 000**

## Properties FOR RENT - 060 017 5949

- 2 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport-**R9500pm**
- 2 Bed, 1.5 Bath **Simplex** with x1 garage-**R13000pm**

HELLO SPRING

